


STUDIELENINGS

 <u>Studielening</u>	Aangesien Stellenbosch Rugbyakademie nie 'n finansiële instelling is nie, kan ons nie (volgens die Kredietwet) afbetalings met ouers aangaan nie. SRA het egter 'n spesiale ooreenkoms met ABSA. ABSA is bereid om 100% studielenings aan ons studente te verskaf indien die ouer kredietwaardig is. U moet reeds in die voorafgaande jaar (of dadelik) aansoek doen.
---	---

WAT IS 'N STUDIELENING?

Die ouer leen geld vir sy kind se studies teen 'n verlaagde koers waarmee studies betaal word. Terwyl die kind studeer, betaal die ouer gewoonlik net die rente op die leningsbedrag terug. Nadat hy sy kwalifikasie behaal het en begin werk, binne 'n sekere tydperk, begin jul die oorspronklike bedrag terugbetaal. 'n Studielening kan in die naam van 'n ouer, voog of borg opgeneem word. Dit word direk aan SRA oorbetaal.

Instansies verskil, maar banke verskaf voordele soos die volgende op 'n lopende studente-rekening: Gratis/korting op internetbankdienste, elektroniese transaksies, bankkoste; en buigsaamheid met kontant-onttrekking, oorplasing, deponering, state aanvra. Ander dienste soos rekenaars, ens word soms ook ingesluit.

HOE KWALIFISEER 'N STUDENT?

- Slaag matriek
- Geakkrediteerde of goedgekeurde kursus van 'n jaar/langer (ons kursusse is geakkrediteer)
- SA burger wees of permanent in SA bly
- 'n Student moet sy vorige studiejaar geslaag het

BRING DIE VOLGENDE BEWYSE SAAM NA DIE BANK

Gewoonlik benodig 'n bank die volgende tipe dokumentasie:

Ouer/Voog/Borg	Student
Bewys van adres (bv. telefoon-rekening)	ID-dokument
ID-dokument	Graad 11/12-uitslae (ook September)
Inkomste of salarisstrokie of inkomste- en uitgawestaat (persoonlik of besigheid)	Registrasiebrief van Rugbyakademie
Bankbesonderhede	
Huwelikstatus/-dokumentasie	

ABSA – WAT JY MOET WEET

- SRA se kursusse is geakkrediteer, daarom kan studente aansoek doen om studielening. 'n Kopie van die Akkreditasiebrief is op ons webblad (documents/general).
- Indien die ouer/student nie 'n kliënt van ABSA is nie, kan u steeds aansoek doen. Die ouer of student moet dan net 'n rekening open.
- U aansoek moet reeds in die voorafgaande jaar gefinaliseer word, sodat die Registrasiefooi en gelde betyds aan SRA oorbetaal kan word.

Ons wil sterk aanbeveel dat u direk met die plaaslike ABSA Studentetak op Stellenbosch skakel: Mnr. Leon February, 021- 809 9300; leonfe@absa.co.za.

- Indien die Registrasiefooi reeds deur die bank oorbetaal is, en u kanselleer die kursus, bly u steeds verantwoordelik vir die betaling van die Registrasiefooi aan die bank.
- Gelde word direk aan SRA oorbetaal.
- Die terugbetaling van die studielening begin sodra die student finaal afstudeer het. Ouers betaal net die rente op die studielening maandeliks aan ABSA terug.
- 'n Student wat die Rugby Gapjaar (1 jaar) doen, begin dadelik betaal, en betaal dan die studielening af oor 2 jaar.
- Die aansoek kan volgens die student se September-punte gedoen word.

ANDER INSTANSIES

Studente kan ook by die volgende instansies aansoek doen om 'n studielening.

INSTANSIE	WEBTUISTE
	<u>Studielening</u>
	<u>Studielening</u>
	<u>Studielening</u>

NAVRAE

Mev. Annemarie Brand by Stellenbosch Rugbyakademie: 021 – 88 77 432 of anne@toprugby.co.za